

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 8 No 4 Julie 2014
Personeelblad van die NWU

A portrait of a man with short dark hair, wearing glasses and a dark sweater over a colorful striped shirt. He is smiling slightly.

NWU en Persklub
deel in **Madiba**
se betowering

Nuwe viserektor
gereed om
potensiaal te ontgin

A portrait of a woman with dark hair, wearing a yellow headwrap and a patterned brown and gold top. She is smiling.

Woordvoerders
word **waardeer**

INHOUD

- 2 Ontmoet die NWU se webkantoor
- 3 Boodskap van die visekanselier Eish!, ons waardeer die media!
- 4 NWU vereer die beste in joernalistiek
- 6 SA se storie word nog geskryf
- 7 Topwoordvoerders sê hul sê
- 8 Fokus op kollegas met gestremdhede
- 9 Stelsel klink soos 'n mens en praat jou taal
- 10 Wees trots en bereik jou doelwitte
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 NWU-kundiges kén hul storie
- 16 Ons mense – Sy poësie het sosialemedia-impak
- 17 Items wat altyd in my inkopiemandjie is...
- 18 En die wenner is...
Wen! Wen! Wen!
- 19 NWU brei tolking uit



Voorblad: Me Ndileka Mandela, kleindogter van die ontslape mnr Nelson Mandela, geniet die Nasionale Persklub se prysuitdelingsfunksie saam met prof Dan Kgwadi (artikel op p 4).

NEEM KENNIS:

Om ons koolstofvoetspoor te verklein, word die Eish! nou elektronies na alle personeel versprei – net diegene wat nie toegang tot rekenaars het nie, sal gedrukte kopieë ontvang. Kontak gerus ons Eish!-joernalis, Willie du Plessis, met enige nuuswenke of -navrae.

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel x99 4937 of Bussie 260. Eish! word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee.

Ontmoet die NWU se Webkantoor

Die NWU se Webkantoor is in 2011 tot stand gebring om eienaarskap te neem van die enorme webwerf (tans ongeveer 14 000 blaaie), en om die meer as 200 NWU-publiseerders te ondersteun.

Maar wie is almal verbonde aan die Webkantoor?

Mnr Cobus Steenkamp, webbestuurder, is verantwoordelik vir webwerfbestuur. Hy is die span se strateeg en bepaal die beste plan van aksie vanuit 'n besigheidsperspektief om langtermyn-volhoubaarheid van die webwerf te verseker. Hy skakel ook met die drie kampusse om webprosesse en -prosedures in plek te kry.

Me Ronel Röscher, data-analis, gebruik web-ontledingshulpmiddels soos Google Analytics, en ranglysmoedelle soos Webometrics om inligting te versamel en om die NWU se webwerf-prestasie met ander hoëronderwysinstansies s'n te vergelyk.

Publiseerders kontak haar met tegniese navrae, of vir hulp met statistiese ontleding. Ronel werk ook saam met IT aan die ontwikkeling van die webplatform, Drupal.

Me Moira Müller is die aanlyn inhoud-spesialis wat fokus op inhoudontwikkeling. Inhoud sluit teks, skakels, beelde en video in. Moira bied ook opleidingswerkswinkels en praktiese sessies aan om publisierders te help.

Me Géna Thompson is die IT-vertegenwoordiger vir die Webkantoor en is ons eie Drupal-kundige.

Sy soek die heeltid nuwe maniere om die Drupal-omgewing verder te ontwikkel om te voldoen aan die behoeftes van ons reusagtige webwerf met sy vele rolspelers.

As jy enige navrae oor die web het, kontak gerus die Webkantoor by x85 2010 (Cobus), x85 2011 (Ronel), x99 4913 (Moira) en x99 4623 (Géna).

REDAKSIONEEL

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Graagte kollegas,

Dit is tyd dat ons diep nadink oor ons rol in verandering.



In my vergaderings met sommige van die fakulteite en ondersteuningsdepartemente op ons kampusse word ek telkens opnuut getref deur die uitnemendheid waarmee ons aktiwiteite uitvoer wat daarop gemik is om 'n verskil in mense se lewens te maak.

In ons kernmissie van onderrig-leer, navorsing, innovasie en die implementering van ons kundigheid sowel as ons gemeenskapverbintenis het ons goed gevorder.

Ons het onlangs die internasionale evalueringspaneel se verslag ontvang oor die voordeuring wat ons al gemaak het om die uitkomst en doelwitte wat oor die afgelope 10 jaar ons missie bepaal het, te behaal.

Ons het ook terugvoer van die Raad op Hoër Onderwys ontvang oor die vorderingsverslag wat ons na aanleiding van die institusionele oudit van 2009 ingehandig het.

Die NWU-raad het ook onlangs die Onafhanklike Ondersoektaakspan se verslag oor die ontvangs- en bekendstellingsprogram vir eerstejaarstudente ontvang.

Al hierdie gebeure dien as spieëls waarin ons onself kan sien soos ander ons sien. Of dit nou weerkaatsings van ons persepsies of van die werklikheid is, dit vereis ons onverdeelde aandag.

Ek wil waarsku teen 'n benadering wat die integriteit en bona fides van die boodskappers bevraagteken. Ons is immers volwasse genoeg om hierdie sake op robuuste wyse aan te pak en die beste pad vorentoe te vind. Laat ons hierdie geleentheid vir verandering aangryp en die universiteit tot verdere hoogtes stuur.

'n Akademiese instansie wentel immers om verandering – die verandering wat ons in die lewens van ons studente teweegbring wanneer ons hulle vir die toekoms voorberei; die verandering wat ons tot die ekonomie bydra wanneer ons vennootskappe sluit om ons kundigheid te implementeer; en die lewens wat ons aanraak wanneer ons betrokke raak by die gemeenskappe rondom ons.

Vriendelike groete

Prof Dan Kgwadi

Eish!, ons waardeer die media!

Die media ontlok verskillende reaksies by mense. Dit wissel van misnoeë en agterdog tot waardering vir 'n daaglikse "gespreksgenoot" wat jou van die wêreld en sy woelinge vertel.

Die NWU het onlangs weer die betekenis wat ons heg aan 'n verantwoordelike, vrye media bevestig toe ons vir die vyfde agtereenvolgende jaar die Nasionale Persklub se prysuitdelingsfunksie geborg het (artikel op p 4).

Tydens dié geleentheid het prof Herman van Schalkwyk, adjunkhoof van die NWU en rektor van die Potchefstroomkampus gesê die vryheid van die media is een van die hoekstene van die demokrasie.

Inderdaad – met 'n gemuilbande media is vryheid van spraak nie moontlik nie. Dié waarheid leer ons immers nog al die jare vir ons joernalistiekstudente. Maar ons leer hulle ook dat vryheid van spraak verantwoordelikheid en

toerekenbaarheid veronderstel. Talle van dié studente neem steeds daaglik hierdie goeie raad ter harte en beklee vandag topposte in die mediawêreld.

Tydens die Nasionale Persklub se prysuitdelingsfunksie was een van hulle, me Daniëlla van Heerden van eNCA-nuus (televisienuus) die wenner in die kategorie vir elektroniese media.

Sy het met groot waardering erkenning aan haar alma mater gegee toe sy haar prys ontvang het.

Nog 'n rede waarom die NWU groot agting vir die media het, is die geleenthede wat dit aan ons kundiges bied om hul kennis met die publiek te deel.

Lees gerus op p 7 hoe ons ons topwoordvoerders erken en beloon het vir die media-blootstelling wat hulle vir die NWU in die sak gebring het.

Van die 9 290 media items wat in 2013 verskyn het, het 5 025 in die gedrukte media verskyn, 1 311 in die uitsaaimedia en 2 954 in die aanlyn media.

Eish! wens graag ons woordvoerders geluk met hul reusebydrae om die beeld van die NWU positief uit te dra.

Lekker lees,

Nelia en die Eish!-span



NWU vereer die beste in joernalistiek

Die NWU het vir die vyfde opeenvolgende jaar die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit Joernalis van die Jaar-toekenning sowel as die Redakteur van die Jaar-toekenning geborg.

Die universiteit het ook vir die eerste keer die Nuusmaker van die Jaar-toekenning geborg.

Die weners het hul toekennings op 29 Mei ontvang tydens 'n spesiale seremonie by die konvensiesentrum van die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR).

Prof Herman van Schalkwyk, adjunkhoof van die NWU en rektor van die Potchefstroomkampus, het die toekennings oorhandig.

“Die NWU se betrokkenheid by vanaand se gebeurtenis en ons trots op hierdie borgskap bewys dat ons geleentheid aangryp om intellektueel gedissiplineerde graduandi voor te berei om burgers van die Suid-Afrikaanse samelewing te word,” het hy gesê.

“Terselfdertyd gaan ons voort om aandag te gee aan die veranderende omgewing waarbinne ons navorsing, onderrig-leer en die implementering van ons navorsing geskied.”

Sodoende reageer die NWU voortdurend op die uitdagings wat die nasionale sowel as die internasionale markte stel.

Hy sê dit is baie belangrik dat mediavryheid erken word en onafhanklikheid en hoë standaard van etiese joernalistiek aangemoedig word. “Ons salueer die Nasionale Persklub se pogings om die standaard van joernalistiek te verhoog.”

Die algehele wenner van die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit se Joernalis van die Jaar-toekenning is wyle mnr Dudley Saunders van *Carte Blanche*. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die kompetisie dat hierdie toekenning aan 'n kameraman gemaak word. Mnr Ryk van Niekerk van *Moneyweb*, die dominante aanlyn bron van beleggingsinligting, het die

Redakteur van die Jaar-toekenning ontvang. Die voormalige Suid-Afrikaanse president, mnr Nelson Mandela, is as Nuusmaker van die Jaar 2013 vereer.

“Nelson Mandela se dood het die wêreld se aandag vir 10 dae lank geboei. Dit het Suid-Afrikaners – en 'n groot deel van die wêreldbevolking – meegevoer, en alles moontlik is gedoen om te verseker dat die vader van die Suid-Afrikaanse nasie met militêre presisie en volgens tradisionele Xhosa-gebruike begrawe kon word,” het mnr Jos Charle, voorsitter van die Nasionale Persklub gesê.

Volgens hom was mnr Mandela die bekendste swart man op aarde en waarskynlik ook die mees gefotografeerde mens ooit. “Hy het 'n blywende erfenis nagelaat – waarlik 'n man vir alle seisoene.”

Jos sê die toekenning word gemaak op grond van impak, nuuswaarde en media-aandag in elektroniese, gedrukte, aanlyn en sosiale media.

◀ Prof Herman van Schalkwyk wens mnr Ryk van Niekerk van die aanlyn publikasie, *Moneyweb*, geluk met die Redakteur van die Jaar-toekenning wat hy ontvang het.

▼ Me Botho Molosankwe, 'n alumna van die NWU en joernalis by *The Star*, het die kategorie Gedrukte Media - Nuus gewen.



▲ Wyle mnr Dudley Saunders is aangewys as die Nasionale Persklub – Noordwes-Universiteit se Joernalis van die Jaar. Sy vriendin, me Bernadette Maguire, het die toekenning namens hom ontvang. Saam met haar is prof Herman van Schalkwyk, adjunkhoof van die NWU en rektor van die Potchefstroomkampus, en mnr Jos Charle, voorsitter van die Nasionale Persklub.

◀ Me Daniëlla van Heerden, ook 'n NWU-alumna, was die kategoriewenner vir Elektroniese Media – TV-nuus, vir die tweede agtereenvolgende jaar. Sy het die NWU bedank vir die borgskap van die geleentheid en grappenderwys bygevoeg dat sy op dié manier darem 'n gedeelte van haar studiegeld teruggekry het.

Hier is die kategorieweners van die Joernalis van die Jaar-toekennings. Elke kategoriewenner het prysgeld ontvang wat deur die NWU geborg is.

Gedrukte media – nuus:
Botho Molosankwe, *The Star*

Gedrukte media – artikels:
Mia Malan, *Mail & Guardian*

Gedrukte media – fotografie:
Paballo Thekiso, *The Saturday Star*

Elektroniese media – radionuus:
Alex Eliseev, *Eyewitness News*

E-media – radioprogramme:
Melini Moses, *SABC*

Elektroniese media – TV-nuus:
Daniëlla van Heerden, *eNCA*

Elektroniese media – TV-programme:
Kate Barry, *Carte Blanche*

Elektroniese media – kameraman:
Dudley Saunders, *Carte Blanche*

Aanlyn media:
Christa Eybers, *Eyewitness News*

Mediaskakelbeampste van die Jaar:
Nandi Mokoena, Mededingingstribunaal


Het u geweet?

- Die wêreld se nuusmedia het ná mnr Nelson Mandela se dood vir weke lank omvattend verslag gedoen oor sy rol in Suid-Afrika se vryheidstryd.
- 'n Uur ná die aankondiging van sy dood was daar twee miljoen twiëts, met 'n totaal van meer as ses miljoen twiëts op 5 Desember, die dag van sy dood. Die hekkies #RIPNelsonMandela, #Madiba en #RIPMandela was die top drie onderwerpe op die sosiale netwerk daardie betrokke oggend – 95 000 twiëts per minuut op één stadium – meer as 13 miljoen in 'n maand.
- Op die Nelson Mandela-Facebook-blad was daar meer as 2,2 miljoen “likes” en verskeie plasings (“posts”), insluitende huldeblyke van die Nelson Mandela-stigting.

Bron: Die Nasionale Persklub.

SA se storie word nog geskryf

Die boek *Liberation Diaries: Reflections on 20 Years of Democracy*, bevat essays waarin die skrywers die hoogte- en laagtepunte van die afgelope 20 jaar van demokrasie weergee.



Volgens prof Raymond Parsons word daar vanaf 'n ekonomiese perspektief aangevoer dat daar nog ongedane sake op die nasionale sakelyst verskyn.

Hierdie jaar gedenk ons 20 jaar van demokrasie in Suid-Afrika. Prof Raymond Parsons, ekonoom en dosent by die Potchefstroom Besigheidskool op die Potchefstroomkampus, het 'n essay geskryf wat ingesluit is in die boek, *Liberation Diaries: Reflections on 20 Years of Democracy*, wat onlangs gepubliseer is. Eish! het met hom gesels oor die betekenis van die boek.

Liberation Diaries: Reflections on 20 Years of Democracy bevat 'n verskeidenheid perspektiewe oor die nuwe Suid-Afrika. Die boek is op die vooraand van die verkiesing bekendgestel met die viering van 20 jaar van demokrasie in Suid-Afrika.

Die boek bevat 50 essays van mense uit alle kringe, onder andere politici, navorsers, aktiviste, joernaliste en NRO-werkers. Busani Ngcaweni, 'n staatsamptenaar in die presidentskantoor, het die redaksie behartig.

gestuur het. Ek het gefokus op die belangrike rol wat sosiale dialoog sedert 1994 in Suid-Afrika gespeel het om verandering teweeg te bring, veral deur middel van NEDLAC.

NEDLAC was die sosio-ekonomiese dimensie van mnr Mandela se verbintenis tot versoening en nasiebou. Ek het die suksesse en mislukings van sosiale dialoog in Suid-Afrika ondersoek, asook die mate waartoe bestaande uitdagings steeds struikelblokke bied wat in die toekoms verdere dialoog gaan vereis.

V: Wat dink u gaan die boek vir die gemiddelde Suid-Afrikaner beteken?

A: Die boek weerspieël die belewenisse van baie Suid-Afrikaners oor die afgelope 20 jaar, aangesien die onderwerpe waarvoor geskryf is feitlik elke aspek van die Suid-Afrikaanse gemeenskap en ekonomie raak.

V: Is daar enige essays in die boek wat u as besonder belangrik beskou?

A: Ek dink die groep essays wat oor opvoedkunde handel is belangrik binne die universiteitskonteks.

Hierdie groep sluit in "A reflective essay on transformation in South African universities" deur Edith Phaswana, "Higher education and training 20 years into democracy" deur Siphelo Ngcwangu en "In education, money still matters" deur Mpho Tshivhase.

V: Wat het u deelname aan die boek u geleer?

A: 'n Groot les wanneer mens aan so 'n boek saamwerk, is om erkenning te gee aan die werk wat nog gedoen moet word om waarlik 'n gedeelde visie vir Suid-Afrika se toekoms te ontwikkel.

Ons land se storie word nog geskryf, en ons is verantwoordelik vir hoe die res daarvan gaan verloop.

Topwoordvoerders sê hul sê

Sy mag dalk goud wees, maar woorde van wysheid is van onskatbare waarde. Die kundiges van die NWU word dikwels deur die media genader om hul kundigheid te deel en om kommentaar te lewer oor belangrike sake.

Dié kundiges wat die meeste aangehaal is, is vereer tydens die jaarlikse Woordvoerder van die Jaar-toekenningsgeleentheid wat op 22 April by die Institusionele Kantoor plaasgevind het.

Akademici, navorsers en ander NWU-personeellede het by dié geleentheid erkenning gekry vir hul positiewe bydrae om die beeld van die NWU te bevorder.

KENNIS IS MILJOENE WERD

In 2013 is 9 290 media-items gepubliseer, met 'n verbysterende totale advertensie-ekwivalente waarde van R263 415 047.

"Die aantal artikels in die pers is 'n gevolg van die doelgerigte poging van die Institusionele Kantoor in samewerking met die bemarkings- en kommunikasiedepartemente op die drie kampusse – Mafikeng, Potchefstroom en Vaaldriehoek – om die universiteit se profiel te verbeter," sê me Phumzile Mmope, uitvoerende direkteur vir institusionele bevordering.

DERDE WEN VIR KUNDIGE

Die persoon wat in 2013 die meeste aangehaal is van alle NWU-woordvoerders in alle kategorieë gesamentlik – gedrukte media, uitsaai-media en aanlyn – is prof André Duvenhage, direkteur van die navorsingsfokusarea Maat-

skaplike Transformasie en professor in politieke studies op die Potchefstroomkampus. Hy is meer as 400 keer aangehaal in al die verskillende media saam.

"Ek was baie opgewonde om vir die derde opeenvolgende jaar aangewys te word as die NWU se woordvoerder van die jaar.

"Dit is 'n eer om die media te woord te kan staan oor ons universiteit se positiewe impak op ons land," sê André.

Hy het R20 000 se prysgeld en 'n wisseltrofee ontvang vir sy bydrae.

SPECIALISTE IS MEDIA SE GUNSTELINGE

Die NWU se tweede mees aangehaalde persoon is mnr Theo Venter, dosent by die Potchefstroom Besigheidskool en adviseur in die kantoor van die visekanselier.

Hy is 320 keer aangehaal en het prysgeld van R15 000 ontvang.

Die derde mees aangehaalde persoon, prof Tommy du Plessis, direkteur van die Potchefstroom Besigheidskool, is 100 keer aangehaal en het R10 000 se prysgeld ontvang.

In die subkategorieë het wenners prysgeld ter waarde van R5 000 ontvang. Hierdie wenners sluit in:

- Mnr Theo Venter, die mees aangehaalde persoon in die kategorie "gedrukte media", wat 76 keer aangehaal is;

- Prof André Duvenhage, die mees aangehaalde persoon in die kategorie "uitsaai-media", wat 343 keer aangehaal is; en

- Mnr Theo Venter, die mees aangehaalde persoon in die kategorie "aanlyn media", wat 104 keer aangehaal is.

WENNERS IN NUWE KATEGORIEË

Twee nuwe kategorieë is bygevoeg vir 2013. Die eerste nuwe kategorie is die "Nuwe stem van die NWU". Hierdie kategorie gee erkenning aan 'n individu wat vantevore selde aangehaal is en intussen meer prominensie verkry het. Hierdie toekenning, ook met prysgeld van R5 000, het gegaan aan prof Pieter du Toit van die Fakulteit Regte op die Potchefstroomkampus.

Die tweede nuwe kategorie gee erkenning aan 'n individu wat in 'n kort tydjie 'n merkbare skerp styging in mediadekking teweeggebring het as gevolg van navorsing of kommentaar oor 'n spesifieke kwessie. Prof Cilas Wilders van Biokinetika in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe op die Potchefstroomkampus het dié toekenning, ook met prysgeld van R5 000, ontvang vir sy kommentaar oor die navorsing oor bulletjierugby.

PLUIMPIE VIR DIE NWU

Prof Dan Kgwadi het by die toekenningsseremonie gesê dit is altyd 'n pluimpie vir die universiteit as die media ons woordvoerders nader. "Die feit dat die aantal artikels in veral gespesialiseerde publikasies sedert die begin van 2012 toegeneem het, wys dat ons bydraes help om vorm te gee aan ons samelewing."



Die NWU het onlangs die jaarlikse Woordvoerder van die Jaar-toekenningsgeleentheid aangebied. Akademici, navorsers en ander NWU-personeellede wat erkenning gekry het vir hul bydraes in die media is prof Tommy du Plessis, prof Cilas Wilders, prof André Duvenhage en prof Pieter du Toit. Prof Susan Visser (middel) het mnr Theo Venter se toekenning namens hom in ontvangs geneem.

Fokus op Kollegas met gestremdhede



In hierdie uitgawe van Eish! fokus ons op maniere waarop ons en die NWU die lewe vir kollegas met gestremdhede makliker kan maak. Me Blanch Carolus van die Kantoor vir Studente met Gestremdhede op die Potchefstroomkampus en mnr Zaan Strydom van die Indiensnemingsgelykheidskantoor by die Institusionele Kantoor gesels saam.

Hoeveel kollegas met gestremdhede is daar by die NWU?

Zaan: Hulle maak tans 0,7% van die totale getal permanente personeellede uit. Die gemiddeld wat die verslag van die nasionale Kommissie vir Indiensnemingsgelykheid toon vir ondernemings met meer as 150 werknemers is 1%, maar ons mik vir 2%.

Hoe moet ons ons kollegas met gestremdhede benader?

Blanch: In die eerste plek is dit belangrik om te onthou dat 'n mens praat van mense met gestremdhede en nie van gestremde mense nie. Fokus eerstens op die méns en daarna op sy gestremdheid. Wees dus sensitief vir hul gestremdhede, maar wees ook bewus van hul vaardighede en talente.

Wat kan ons doen om die werkomgewing vir kollegas te verbeter?

Blanch: As jy iemand met 'n rolstoel verwag, skuif vooraf jou kantoormeubels sodat die persoon maklik toegang kan kry. Onthou die rolstoel is deel van die persoon se persoonlike ruimte – moenie teen die stoel leun of dit stoot tensy jy toestemming gevra het nie. Probeer ook so posisie inneem dat jy op oogvlak met die persoon kan kommunikeer.

Watter riglyne moet ons volg wanneer 'n kollega byvoorbeeld blind of gesig-gestremd is?

Blanch: Identifiseer jou wanneer jy die persoon groet. As jy met 'n blinde persoon in 'n groep praat, noem sy of haar naam. Beskryf ook die omgewing en meubels en moet dit dan nie verander sonder om die persoon daarvan te sê nie.

Sê vir die persoon as jy die vertrek verlaat – moenie net verdwyn nie. Vra ook eers toestemming

voor jy aan 'n gidshond aandag gee – hulle is dienshonde, nie troeteldiere nie.

Hoe behoort mens kollegas wat doof of gehoorgestremd is, te hanteer?

Blanch: Moenie skree nie. Kyk reguit na die persoon en praat duidelik en teen 'n gemaklike pas – veral as die persoon liplees. Praat ook direk met die persoon, selfs al is daar 'n tolk by. Moet ook nie tussen die persoon en die tolk loop of staan nie.

Wat is belangrik wanneer ons te doen kry met 'n kollega met 'n spraak-gestremdheid?

Blanch: Wees geduldig – moenie die persoon se sinne voltooi nie. Vra die persoon om iets te herhaal as jy nie verstaan nie. Wees voorbereid – hou byvoorbeeld 'n rekenaar, tablet of selfoon byderhand as die persoon verkies om dit te gebruik.

Watter toerusting stel die NWU tot beskikking van personeellede met gestremdhede?

Zaan: Vir personeel met gesiggestremdhede koop die NWU byvoorbeeld rekenars met harde- en sagteware wat skrif vergroot – ook spesiale rekenarskerms en braille-drukters.

Om personeel met gehoorgestremdhede te ontmoet te kom, dra die NWU onder meer by tot die koste van gehoortoestelle en koop telefone wat met 'n lig aandui wanneer iemand bel.

Wat doen die NWU om ons geboue toeganklik te maak?

Zaan: Op versoek van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding is ons saam met kollegas van Fisiese Infrastruktuur en Beplanning besig met 'n opname en prioritering van geboue om te kyk wat opgraderings gaan kos om ons

geboue meer toeganklik te maak vir mense met beweging-gestremdhede.

Wanneer so 'n persoon by 'n gebou kom, moet daar byvoorbeeld spesiale parking na aan die gebou wees en 'n oprit om met 'n rolstoel tot op 'n sypaadjie te kan kom. Daar moet ook 'n oprit wees om tot in die gebou te kan kom, en 'n hysbak en spesiale toiletgeriewe binne-in die gebou.

Selfs deurhandvatsels is belangrik, want mense wat nie baie beweging in hul hande het nie, kan nie deure met ronde handvatsels oopmaak nie.

Het die NWU darem al van hierdie geriewe?

Zaan: Ja, ons het. Ons het byvoorbeeld pas nog vyf hysbakke of rolstoel-hystoestelle by geboue op die Potchefstroomkampus geïnstalleer.

Daar is ook reeds geruime tyd 'n spesiale toestel in die Great Hall op die Mafikengkampus wat rolstoel tot op die verhoog kan hys. Op die Vaaldriehoekskampus het ons onlangs 'n tydelike assistent aangestel om 'n dosent met gehoor-gestremdheid te help – onder meer wanneer studente in lesinglokale vrae vra wat hy nie kan hoor nie.

Hoe weet julle van mense met spesiale behoeftes?

Zaan: In die eerste plek moet bestuurders oplet dat daar op die kortlys-vorms van Mensekapitaal reeds aangedui word as 'n persoon wat aansoek doen vir 'n pos 'n gestremdheid het. Verder is dit belangrik dat bestuurders my dadelik laat weet wanneer 'n persoon met gestremdhede aangestel word, sodat ons kan vasstel watter spesiale behoeftes die persoon het. Hulle kan my skakel by x99 4489 of 'n e-pos stuur aan zaan.strydom@nwu.ac.za.

Stelsel klink soos 'n mens en praat jou taal




Suid-Afrikaners praat Engels met 'n fassinerende verskeidenheid aksente – soveel so dat ons soms sukkel om mekaar te verstaan.

Dink net hoe slim 'n masjien sal moet wees om in 'n breukdeel van 'n sekonde te ontsyfer wat gesê word en onmiddellik te reageer met die regte antwoord.

Die vermoë om alle Suid-Afrikaners se Engels te verstaan, ongeag moedertaal, is een van vele eienskappe wat 'n geoutomatiseerde gidsnavraagstelsel sal moet hê voor dit suksesvol bemark sal kan word, sê dr Charl van Heerden, navorser op die Vaaldriehoekskampus.

“Dit moet ook menslike interaksie so natuurlik naboots dat dit inbellers nie sal hinder om met 'n rekenaar te praat nie,” sê Charl, wat verbonde is aan die navorsingsnisarea Meertalige Spraaktegnologieë (MuST).

Uiteraard moet so 'n stelsel ook kan doen waarvoor dit in die eerste plek ontwerp is – om inbellers onmiddellik die inligting te kan gee wat hulle wil hê.



In die lig van al hierdie vereistes is dit te verstaan dat plaaslike maatskappye steeds van gidsnavraagstelsels gebruik maak wat óf van menslike operateurs afhanklik is óf by inbellers geen twyfel laat dat dit 'n masjien is wat met hulle praat nie.

Charl en sy medenavorsers by MuST neem die konsep van 'n geoutomatiseerde, Suid-Afrikaans-ontwikkelde gidsnavraagstelsel veel verder.

BAANBREKERSWERK

Met saadbefondsing van die Tegnologie-innovasie-agentskap (TIA) is hulle besig met die ontwikkeling van 'n stelsel wat ten volle outomaties gaan wees en uiteindelik al 11 van Suid-Afrika se amptelike tale sal kan verstaan.

Dit is makliker gesê as gedaan, selfs vir navorers wat al vir meer as 'n dekade lank in die bedryf is.

Die MuST-span begin gelukkig nie heeltemal met niks nie. Hulle bou voort op reeds bestaande boustene en neem bestaande tegnologie na die volgende vlak.

“Die Departement van Kuns en Kultuur (DKK) ondersteun spraaknavorsing en -ontwikkeling al verskeie jare lank. Dit het die grondslag gelê vir dit waarmee ons nou besig is,” sê Charl. “Ons gebruik ook oopbron-hulpmiddels wat vryelik beskikbaar is vir navorsing.”

Een DKK-befondsde projek wat baie handig te pas kom, is deur 'n gesamentlike NWU- en Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad-span onderneem en bestaan uit meer as 600 ure van opgeneemde spraak in al 11 amptelike tale van Suid-Afrika.

“Daar is ongeveer 56 ure se opnames van nagenoeg 200 sprekers per taal.”

Dr Charl van Heerden en sy kollegas by die navorsingsnisarea, Meertalige Spraaktegnologieë, ontwikkel 'n gidsnavraagstelsel wat al 11 amptelike tale van Suid-Afrika sal kan verstaan.

Die belangrikheid van hierdie projek, bekend as die korpora (versameling van inligting) van die Nasionale Sentrum vir Mensetaal-tegnologie, is dat dit noodsaaklike spraakhulpbronne vir die ontwikkeling van spraaktegnologie verskaf. “Sonder sulke hulpbronne sou ons ons navor-sing heel by die begin moes begin, wat baie jare in beslag sou neem en baie duur sou wees.”

Nóg 'n waardevolle DKK-projek, waarby MuST ook betrokke is, het gelei tot 'n prototipe van 'n ten volle geoutomatiseerde gidsnavraagstelsel. “Dit kan sowat 10 oproepe op 'n slag hanteer. Die uitdaging is om 'n punt te bereik waar dit by 'n inbelsentrum gebruik sal kan word.”

MARKVOORBEREIDING

Charl werk tans saam met prof Etienne Barnard en prof Marelle Davel aan twee spesifieke dele van die prototipe.

Die eerste is die stemaktiwiteit-bespeurder, wat moet kan oordeel of die inbeller besig is om te praat of stil is. “Die stelsel moenie die inbeller in die rede val nie en moet die inbeller aanpor as daar 'n te lang stilte is,” sê hy.

Hierdie gedeelte van die TIA-projek is byna afgehandel. “Ons weergawe van die stem-aktiwiteit-bespeurder werk beter as die vorige model en ons is tevrede daarmee.”

Die span werk tans aan die “sekerheidsbepun-ting”-deel. Dit is 'n statistiese tegniek om te bepaal hoe seker die stelsel is dat dit die inbeller se versoek reg verstaan het.

“As die stelsel 'n lae sekereheidspunt toeken, sal dit die inbeller vra om die versoek te herhaal, net soos wat 'n mens sou doen. 'n Hoë sekerheidspunt beteken dat die stelsel baie seker is en onmiddellik sal reageer.”

Hierdie gedeelte behoort vier tot ses maande te neem om te voltooi. Die span sal dan met die hulp van TIA die bemarkingsmoontlikhede ondersoek.

Wees trots en bereik jou doelwitte

Eish! praat met prof Lumkile Lalendle, die nuut aangestelde viserektor vir onderrig-leer en kwaliteitsversekering op die Mafikengkampus. Hierdie voormalige direkteur van kwaliteitsbevordering en -versekering by die Universiteit van KwaZulu-Natal sê hy is opgewonde om die uitdagings aan te pak wat deur sy nuwe posisie gestel word.

Daar is niks wat prof Lumkile Lalendle gelukkiger maak as om te sien dat Suid-Afrika, hoërondewysinstansies, personeel en studente hul doelwitte na die beste van hul vermoë verwesenlik nie.

“Een van die wonderlikste dinge is om te hoor hoe mense van ander lande glo in Suid-

Afrika en dit wat ons sedert 1994 vermag het. Dit is aandoenlik om te sien hoe ons land suksesvol internasionaal meeding. Ek verwys spesifiek na die hoëgehaltenavorsing wat Suid-Afrika oplewer en wat regoor die wêreld hoog aangeslaan word.”

Dit is met trots op hoër ondewys en ’n vasbeslotenheid om onontginde potensiaal te verwesenlik dat Lumkile die Mafikengkampus na nuwe hoogtes wil voer.

VENNOOTSAPPE LEI TOT VOORSPOED

As daar één ding is wat Lumkile wil verander, is dit die persepsie dat die Mafikengkampus die bababoetie van die ander NWU-kampusse is.

Hy beplan om die kampus te motiveer om ’n status te bereik waarop almal trots sal wees. “Die Mafikengkampus is ’n belangrike deel van die NWU. Ons het goeie korporatiewe bestuur en leierskap en my doel is om dit wat in die verlede reeds goed gedoen is te handhaaf en uit te bou.”

Lumkile sê sy droom is om samewerking tussen die onderskeie NWU-kampusse te bewerkstellig. Hy sou ook graag wou sien dat die Mafikengkampus sterk vennootskappe met



Prof Lumkile Lalendle is ’n trotse eggenoot en pa. Saam met hom is sy vrou, Tabitta en hul dogter, Chuma, en hul seun, Mbasa.

besighede en regeringsagentskappe vestig om meer befondsings- en plasingseleenthede vir studente te skep.

“Dit is baie belangrik om mededingend te wees, en ek glo vennootskappe op alle vlakke sal die NWU die nodige mededingende voordeel gee.”

’N POSITIEWE STEMMING HEERS

Sedert sy aanstelling op 1 Mei is Lumkile hartlik en entoesiasies deur almal op die Mafikengkampus verwelkom. “Dit is oral sigbaar – van die toewyding van onderrigpersoneel tot die professionaliteit van die administratiewe personeel.”

Hy is dankbaar oor die geleentheid om deel te word van so ’n suksesvolle, positiewe span. Lumkile sê die positiewe houdings van personeel word weerspieël deur die ingesteldheid van die studente.

“Die studente is gelukkig en dit is duidelik dat hulle hul studies ernstig opneem.

“Die Mafikengkampus bied hulle waarde vir hul geld deur hulle voor te berei vir die eise van die professionele wêreld, en hulle besef dit.”

EENHEID IS DIE BELANGRIKSTE

Lumkile wil ’n mate van eenvormigheid verseker wat betref die Mafikengkampus se optrede as deel van die NWU.

“Ek wil ’n visie en ’n stel waardes voorstaan wat sal lei tot die ontwikkeling van dienste van hoë gehalte aan studente en belanghebbers van die universiteit. Die belangrikste is dat ons ons navorsingsuitset moet verbeter en ons kundigheid in onderrig-leer moet uitbrei.

“Die Mafikengkampus moet die gehalte van die studente-ervaring voortdurend verbeter. Dit sal ons onderwyslandskap transformeer sodat die universiteit gelyke geleenthede vir studente sal bied en ons nasie so goed moontlik sal dien.”

Sy leuse is om dinge eenvoudig te hou en dit goed te doen. En dit is presies wat hy beplan om te doen as nuwe viserektor.

Interessante feite oor prof Lumkile

Beste karaktereienskap:

Ek beskou myself as ’n goeie luisteraar.

Gunstelingboek:

The eight habits of highly successful people deur Stephen Covey.

Gunstelingmusiek:

Klassieke musiek en jazz.

Gunstelingkos:

Stampmielies en bone.

Gunstelingvakansie:

Ek is lief vir die Drakensberg.

Die lede van my gesin:

My vrou, Tabitta, is ’n opvoeder wat betrokke is by vaardigheidsontwikkelings- en leerderskapprogramme vir gestremde kinders.

Ek het drie kinders. My twee dogters is Nontyatyambo (28) wat Openbare Administrasie aan die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit studeer het en Chuma (17) wat ’n eerstejaarstudent aan die Universiteit van KwaZulu-Natal is.

My seun, Mbasa (18), het vanjaar by Unisa begin studeer. Mbasa en Chuma studeer politiek, filosofie en ekonomie.

Die soort kind wat ek was:

Ek was ’n baie gebalanseerde kind. Ek was nuuskierig, stil en konformerend met tye, en soms stout.

Wat my gelukkig maak:

Om te sien dat ons regering daartoe verbind is om ondewys in die land te ondersteun.

Prof Lumkile Lalendle het uitgebreide ervaring en kennis van strategiese beplanning, ontwikkeling van hoëprestatiewerkstelsels, diversiteit en gelykheid, mensehulpbronbestuur en arbeids- en nywerheidsverhoudinge.

Nuwe koshuis open sy deure

Die eerste fase van 'n nuwe dubbelverdiepingkoshuis met 250 beddens is onlangs op die kampus voltooi.

die jaar klaar te wees. Dit sal 'n verdere 250 beddens beteken, wat die totale aantal studentekamers op kampus op meer as 3 000 te staan bring.

Anders as die ander 10 koshuise is die nuwe een verdeel in blokke met nege slaapkamers per blok. Hiervan is ses dubbel- en drie enkelkamers. Bouwerk aan die tweede fase het reeds begin en behoort voor die einde van

Me Loraine Nel, koshuisbestuurder, sê slegs eerstejaars wat aan die voorgeskrewe kriteria voldoen, word in die nuwe koshuis toegelaat – hoofsaaklik studente wat sedert Januarie 2014 op 'n waglys is.



Hierdie nuwe koshuis is onlangs op die Mafikengkampus voltooi.

Kampus reik uit na grondslagfase-onderwysers

Die Fakulteit Onderwys en Opleiding het onlangs 'n twee dag lange gemeenskapsprogram vir grondslagfase-onderwysers georganiseer en geborg.

Volgens me Rita Strydom, programbestuurder, wil hulle die kennis en vaardighede van grondslagfase-onderwysers verbeter en hulle so beter toerus om om te sien na kinders tussen drie en ses jaar oud.

Hulle gebruik die Cross Training Programme wat gratis aangebied word. Dr Myrtle Erasmus, vakgroepkoördineerder, sê 30

grondslagfase-onderwysers van 14 sentrums regoor die Noordwes-provinsie het deelgeneem. "Hierdie onderwysers ontvang geen hulp van die Onderwysdepartement nie. Hulle kry nie salaris nie en trek nie voordeel uit skoolvoedingskemas nie, want hulle kan nie gebou en toerusting bekostig wat aan die vereistes van die Onderwysdepartement voldoen nie."

Om hierdie rede is die program nie net deel van die NWU se gemeenskapsverbintenis nie, maar ook 'n belangrike belegging in die opvoeding van jong kinders.

Dosent skryf saam aan boek oor (outo)biografieë

Dr Muchativugwa Hove, 'n dosent in die Fakulteit Onderwys en Opleiding, het 'n boek geskryf saam met Unisa-dosent, dr Kgomo Masemola.

Die boek se naam is *Strategies of Representation in Auto/biography: Reconstructing and remembering*.

"Die boek ontwikkel spesifieke perspektiewe oor die genre en sienings wat uitgedruk word deur die herverbeelde, onthoude en gerekonstrueerde self wat spreek deur die blaaie van outobiografieë," sê Muchativugwa.

"Die fokus op (outo)biografiese geskrifte van Suid-Afrika, spesifiek Suid-Afrika en Zimbabwe, bied 'n vars perspektief op die werk van belangrike figure in die politieke, ekonomiese en sosiologiese sfere van hierdie state.

"Hierdie versameling bewys dat (outo)biografieë meer kan wees as bloot die weergee van individuele lewens. Dit bewys dat die sosiokulturele geheue van 'n volk 'n kernaspek is wat individuele selfvoorstelling beïnvloed," voeg Muchativugwa by.



Die boek waarvan dr Muchativugwa Hove mede-outeur is, stel lesers bekend aan verskeie maniere van lees en ontleding van (outo)biografiese geskrifte.

Stede het impak op biodiversiteit

Twee navorsers was deel van 'n span wat die grootste internasionale databasis van sy soort saamgestel het om die invloed van verstedeliking op biodiversiteit regoor die wêreld te bepaal.

Prof Sarel Cilliers en prof Stefan Siebert van Plantkunde in die Fakulteit Natuurwetenskappe is die enigste Suid-Afrikaners in 'n groep van 24 navorsers van 10 lande wat plantdata in 110 stede en voëldata in 54 stede bestudeer het.

Sarel en Stefan het data van jarelange navorsing in Potchefstroom en Ganyesa in die Noordwes-provinsie vir die studie beskikbaar gestel.

Die studie het getoon dat 20% van die wêreld se voëlspesies en 5% van plantspesies in stede voorkom. Sarel sê ten spyte van die invloed en

verandering van verstedeliking, is dit verblydend dat daar steeds baie inheemse spesies voorkom wat tipies is aan die natuurlike omgewing waarbinne die stede ontwikkel is.

Net één voëlspezie, die tuinduif (*Columba livia*), en onder die plante, 'n eenjarige grasspesie (*Poa annua*), het in al die stede wat die span bestudeer het, voorgekom.

Sarel sê hul navorsing gaan ook oor die betekenisvolle beplanning, bewaring en bestuur van biodiversiteit.

"Elke stad behoort 'n goed gestruktureerde bewaringsplan vir biodiversiteit te hê – om ons natuurlike en kulturele erfenis te beskerm, maar ook omdat dit mense se gesondheid en welsyn beïnvloed."



▲ Prof Stefan Siebert en prof Sarel Cilliers is deel van 'n internasionale span wat die impak wat stede op biodiversiteit het, ondersoek.

Fakulteit teken ooreenkoms met teologiese instituut in Italië

Die fakulteit Teologie het 'n ooreenkoms aangegaan met die Facoltà Pentecostale di Scienze Religiose in Aversa, Italië.

Volgens dié ooreenkoms sal die instituut optree as opleersentrum waar die NWU se

BTh, Hons BA in teologie en meestersgrade aangebied sal word. Die studiemateriaal hiervoor word in Italiaans vertaal. In Afrikaans is die Facoltà Pentecostale di Scienze Religiose die Pinkster- Teologiese Opleidingsinstituut.



By die ondertekening van die ooreenkoms is agter prof Marianne Dirksen, prof George Lotter, me Antoinett Moerdyk en prof Gert Breed, almal van die Fakulteit Teologie. Voor is mnr Mathys Bornman (bestuurder van die teologiese oopafstandleer-programme by die NWU), pastoor Mark Hodgetts (Apostoliese Geloofsending-pastoor en fasiliteerder), prof Carmine Napolitano en prof Paolo Mauriello (van die instituut in Italië) en prof Fika Janse van Rensburg (dekaan van die Fakulteit Teologie.)

Studente rook die pyp in dagga-debat

Wettig die gebruik van dagga. Dit was die onderwerp wat studente van hierdie kampus die debatkampioene van 2014 gemaak het.

Hul kreatiewe benadering het hulle die eerste plek besorg in die finale rondte teen die Universiteit van Pretoria in die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) se debatkompisies vir universiteite in Bloemfontein.

Mnr Paul Maritz, lid van die NWU-span, sê daar is vir die eindronde 'n muntstuk in die lug opgeskiet om te bepaal wie die "regering" is wat die wettiging van dagga voorstaan, en wie die opposisie is.

Paul en sy spanmaats, mnr Martin Hattingh, mnr Christo Slabbert en me Lizeri Mitchell moes toe ten gunste van die wettiging van dagga argumenteer. Paul, 'n vierdejaar-teologiestudent, was die hoofswep van die "regering" en is ook as die beste taalgebruiker aangewys.

Ses universiteite en 12 spanne het aan die kompetisie deelgeneem.

Perde en ruiters maak geskiedenis

Ruiters en perde wat in perfekte harmonie beweeg, het toeskouers gaande gehad gedurende die heel eerste Intervarsity Pensteek-byeenkoms wat onlangs op die kampus aangebied is.

Tydens hierdie geskiedkundige geleentheid het die NWU-span met 827 punte teenoor 794 stof in die oë geskop van hul teenstaanders van die Universiteit van die Vrystaat.

“Dit was nog altyd my droom om so ‘n byeenkoms te organiseer en die studente en toeskouers het dit baie geniet,” sê mnr Annas van Graan, organiseerder van die byeenkoms en voorsitter van die Suid-Afrikaanse Pensteek-vereniging.

Annas sê dié byeenkoms kan ‘n jaarlikse instelling word. Pensteek beleef tans ‘n bloeitydperk met Suid-Afrika wat onlangs as die wêreldbeker-kampioen gekroon is.



Volgens die internet behels die spel pensteek ‘n ruiter wat op ‘n gallop ry en ‘n lans gebruik om een of meer teikens (simboliese tentpennetjies) van die grond af op te tel en daarmee weg te ry.



Deur die Survivor2Triver-program help dr Ansie Fouche (links) en dr Hayley Walker-Williams die slagoffers van seksuele kindermishandeling om sin te maak van wat hulle as kinders ervaar het.

Hoe slagoffers kan floreer

Wanneer slagoffers van seksuele kindermishandeling bekendgestel word aan ‘n nuwe perspektief wat hul emosionele en geestelike vermoëns help versterk, kan die ervaringe uit hul kindertyd in ‘n groeikans verander word.

Twee navorsers van Vaaldriehoekskampus is besig met langtermyn-navorsing om te kyk hoe effektief hul program, Survivor2Triver, hierdie groeiproses fasiliteer.

Dr Hayley Walker-Williams van die vakgroep Sielkunde en dr Ansie Fouche van die vakgroep Maatskaplike Werk doen hierdie navorsing onder

die vaandel van Optentia, ‘n navorsingsfokusarea op die kampus. Die Survivor2Triver-program gee deelnemers die nodige gereedskap om die lewe vanuit ‘n positiewe-sielkunde-perspektief aan te pak, sonder om hulself as slagoffers te beskou.

Vir drie maande lank kom ‘n groepie deelnemers elke tweede Saterdag op die kampus bymekaar om saam met Hayley en Ansie aan gesprekke en aktiwiteite deel te neem.

Dit help deelnemers om sin te maak van die seksuele misbruik wat hulle as kinders ervaar het en om die gevolge daarvan in hulle daaglikse lewens te oorkom.

Kampus en ArcelorMittal ontwikkel saam vaardighede

Die kampus span saam met die staalreus, ArcelorMittal Suid-Afrika, om finansiële en bestuursvaardighede aan verteenwoordigers van nie-regeringsorganisasies oor te dra.

As eerste van sy soort in Suid-Afrika, verskaf die ArcelorMittal Sustainability Accelerator Training Programme ‘n kontant-inspuiting van R200 000 vanaf ArcelorMittal Suid-Afrika. Dié geld sal die opleiding deur die Centre for Continuing Professional Development op

die kampus befonds. Die opleidingsprogram van ses maande sal interaktiewe en praktiese leersessies behels wat deelnemers in staat sal stel om hul besighede suksesvol te bestuur; volhoubare gemeenskapsonwikkelingsprojekte te loods en om korporatiewe befondsing te kry en te behou.

Elke deelnemer sal ook ‘n gekwalifiseerde en geregistreerde bedryfsielkundige as persoonlike en professionele mentor kry.

NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.



“‘n Besigheidsrisiko kan sigself oor verloop van tyd transformeer vanaf ‘n onwaarskynlike gebeurtenis in ‘n meer waarskynlike bedreiging, en daarna in ‘n gevaar wat byna vir seker ‘n impak op die entiteit gaan hê.

“Bestuur se reaksie op hierdie scenario, bekend as ‘n Swart Swaan-gebeurtenis, moet wees om onmiddellike stappe te neem om die gevaar te vermy indien moontlik, of andersins om die skade te beperk wat die gevaar die besigheid kan laat ly.

Mnr Theo Triegaardt, Skool vir Rekeningkunde, Mafikengkampus.

Aanbieding by die Instituut van Interne Ouditeurs se konferensie, 23 Mei 2014.

“In 20 jaar van demokrasie het daar al heelwat positiewe veranderings plaasgevind, maar daar is baie wat nog bereik moet word. Daar is ‘n positiewe beweging, maar ‘n mens kan nie terugsit en ontspan nie... Ons moet werk aan meriete. Ons moet verdien, want só is ‘n mens trots op wat jy bereik.



Prof Rantsoa Letšosa, viserektor vir onderrig-leer, Potchefstroomkampus.

“Educational insights”, Black Business Quarterly, 23 April 2014.

“Water word internasionaal gebruik as ‘n politieke speelbal en die beskikbaarheid of skaarsheid daarvan speel dikwels die deurslaggewende rol.

“In Suid-Afrika is die gevoel dat daar wel water is, veral ondergronds.

“Die probleem kom in by die bestuur van water en die beskerming van die waterkwaliteit.

“By lande wat politieke probleme of struwelinge het, is hierdie voorsiening of dienslewering ongelukkig gewoonlik op die agtergrond.

Dr Ina Gouws, Fakulteit Geesteswetenskappe, Vaaldriehoekskampus.

Klankgreep oor die belangrikheid van water, RSG, 28 Mei 2014.



“Landbou speel ‘n belangrike rol in die regering se Nasionale Ontwikkelingsplan, wat mik om 11 miljoen nuwe werkseleenthede te skep teen 2030, met een miljoen daarvan in landbou. Daar is ‘n groot behoefte aan die vaardigheidsontwikkeling van werkers in boerdery, agro-prosesserings- en stroomafwaartse ontwikkeling.

Mnr Theo Venter, dosent, Potchefstroom Besigheidskool en adviseur in die kantoor van die visekanselier.

“A state of missed opportunities”, Sunday World, 18 Mei 2014.



Sy poësie het sosialemedia-impak

Die NWU se mense is talentvol en kunstig. Hulle het 'n waardering vir die lewe en vind voortdurend kreatiewe maniere om uiting te gee aan hierdie waardering. In ons reeks oor interessante NWU-personeel gesels ons met 'n bedrewe digter wat suksesvol van sosiale media gebruik maak as platform vir sy digkuns.

Prof Damian Garside, programkoördineerder van die Skool vir Geesteswetenskappe op die Mafikengkampus, het in sy laat tienerjare begin gedigte skryf. Sy werk is sedertdien gepubliseer in Suid-Afrikaanse literêre tydskrifte en poësietydskrifte.

Hy was ook deel van 'n Nasionale Navorsingstigting-befondsde erfenisprojek wat die skryfwerk en skrywers van KwaZulu-Natal gedokumenteer het. Om hierdie rede was Damian die onderwerp van twee video's wat tans deel uitmaak van die versameling van Rhodes Universiteit se Nasionale Museum vir die Engelse Taal.

DEURSETTINGSVERMOË LEI TOT ERKENNING

"Sommige van my eerste gedigte was baie swak en gerig op die self. Ek het my eiesoortige stem eers later, in die 1980's, ontwikkel. Dit was toe dat my werk gepubliseer is en in verskeie bloemlesings opgeneem is, soos Michael Chapman se *The Paperbook of English Poetry in South Africa* en *Broken Strings: The Politics of Poetry in South Africa*."

Sedert 2005 is al hoe meer van sy gedigte in tydskrifte gepubliseer en is Damian vermeld in die inleiding van die boek *Twenty-Five Years of*

New Coin, wat die bestaan van die *New Coin Poetry Magazine* gedenk.

Volgens Damian het sy poësie heelwat verander in die laaste paar jaar. "Ek het nou 'n sekere mate van selfvertroue en beheer bereik. Dit maak dit vir my moontlik om poësie te skryf wat ek voel op die oomblik deur min ander Suid-Afrikaanse digters geëwenaar kan word."

'N DIGTER VIR SOSIALE MEDIA

Hy het die geleentheid van die digitale era aangegryp en begin om poësie vir sosiale en nuwe media te skryf.

Damian het 'n poësie-blog op WordPress.com genaamd *Best Poetry Blog in the Cosmos*, en drie Twitter-rekenings. Een van hierdie rekenings bevorder sy selfgepubliseerde versameling gedigte, *Zero Gravity* wat in Februarie die lig gesien het.

Hy sê die gewildheid van die poësie-blog en Twitter-rekenings neem vinnig toe. Hy het meer as 3 300 Twitter-volgelingen en 170 blog-lesers.

"Anders as die meeste Suid-Afrikaanse digters wie se lesers hoofsaaklik of uitsluitlik plaaslik is, is my lesers primêr internasionaal, met meer as



▲ Prof Damian Garside glo dit is belangrik vir aspirant-digters om risiko's te neem en buite die boksie te dink.

50% van my Twitter-volgelingen en 70% van my blog-lesers wat in die Verenigde State is."

DIE KUNS VAN SY POËSIE

Damian beskryf homself as meer van 'n intuitiewe "vloei"-digter as 'n versigtige beeldvormer. "Ek sal tipies aan 'n frase dink en probeer om die implikasies daarvan te verken, of 'n idee sal by my opkom en dan probeer ek om 'n linguïstiese begrip daarvoor te kry. Die gedig moet vloei toon in klank, ritme, die argument en die beelde. Ek draai 'n gedig eerder op sy kop as om aan te hou karring. Ek benader dit vanuit 'n heeltemal ander hoek wat lyk of dit meer sin maak of beter werk."

* As jy weet van 'n kollega wat iets besonders of interessants in sy of haar lewe buite die universiteit doen, stuur gerus die inligting aan Willie du Plessis by willie.duplessis@nwu.ac.za.



ITEMS WAT ALTYD IN MY INKOPIEMANDJIE IS...

Wat is die items waarsonder ons personeellede nooit die supermark verlaat nie? Sommige personeellede voel dat hulle met goeie rede altyd 'n spesifieke item in hul inkopiemandjie sit. Hulle het hul keuses met Eish! gedeel.

Me Mariaan Kloppe, institusionele bestuurder vir onderrig-leer, Institusionele Kantoor: "Ek het altyd pakke en pakke katkos in my trollie. Dit sluit die nat én droë soorte in. Die rede hiervoor is dat ek die 'moeder' van 11 hawelose katte is."

Mnr Lionel Eksteen, assistent, Mensekapi-taal, Institusionele Kantoor: "Ek koop altyd 'jelly babies'. In hierdie grootmens-wêreld laat dit my weer soos 'n kind voel."

Dr Eva Manyedi, kwaliteitskoördineerder, Mafikengkampus: "Rooipeper is altyd op my inkopielys. Rooipeper is my moet-hê item, omdat dit soveel gesondheidsvoordele inhou."

"Volgens die outeur van *God's Pharmacy*, eerw Herman Uys, het navorsing gewys dat rooipeper onder andere bloeddruk-, cholesterol-, en bloedsuikervlakke kan help beheer."

"Dit het 'n kalmerende effek op maagsere en sooi-brand. Dit werk ook veroudering teë, alkaliseer die liggaam, en verlig hoofpyn en artritispyne."

Me Mamokete Mokoko, persoonlike assistent van die rektor, Mafikengkampus: "Ek het altyd rou amandels in my mandjie. Rou amandels voed die brein en is ander-

sins ook baie goed vir jou. Ek is mal daarvoor."

Me Beula de Beer, programkoördineerder, Skool vir Natuurwetenskappe en Tegnologie vir Onderwys, Potchefstroomkampus: "Daar is drie items waarsonder ek nooit die supermark verlaat nie: brood, koffie, en toiletpapier."

"Ek koop brood omdat ek drie tieners het wat altyd honger is, en koffie en toiletpapier omdat dit altyd op is in ons huis."


Me Augusta Cloete, administratiewe bestuurder, Fakulteit Opvoedingswetenskappe, Potchefstroomkampus: "Omdat ons altyd vreeslik besig is, probeer ek om slegs een keer 'n week te gaan inkopies doen. Wanneer ek dan winkel toe gaan is dit vir my belangrik om vir elke persoon in my gesin 'n lekkerny, wat nie noodwendig sjokolade is nie, ook in te pak."

"Dit kan enigiets wees van bestanddele vir 'n spesiale gereg tot ietsie vir die hond of die haas. Dis altyd vir my lekker om te sien hoe my gesin die gebaar waardeer."

Mnr Re-an Müller, bemakingsdosent, Vaaldriehoekkampus: "Daar is altyd 'n bottel lekker rooivyn in my mandjie. In die woorde van die Frans-gebore wynhandelaar, Andre Simon: Wyn verander elke maaltyd in 'n geleentheid, maak elke tafel meer elegant, en elke dag meer beskaafd."

Me Kinga Siejek, redakteur van Student 24/7, Vaaldriehoekkampus: "Ek koop altyd Steri Stumpie gekeurde melk wanneer ek winkel toe gaan."

"Dit herinner my aan my kinderdae. Dis pret om nou en dan weer 'n kind te wees, en dis hoekom ek elke keer een koop."



MARIAAN



LIONEL



EVA



MAMOKETE



BEULA



AUGUSTA



RE-AN



KINGA

Een van Damian se gedigte

"Hierdie gedig is 'n voorbeeld van die kort, vinnige en kragtige poësie wat ek vir die sosiale media skryf (Twitter in hierdie geval). Nadat ek dit vir die eerste keer getwiet het, is dit daarna omtrent 20 keer hertwiet, onder andere deur my beroemdste volgelinge, die digter, aktrise en vervaardiger, Lebo Mashile. Dit is 'n gedig wat swaar steun op die impak van die 'POW' aan die einde."

*A poem
is not like
a news story
it does not
need a
who, what, when, where
and how
all it needs
is a
POW!*



En die **wenners** is...

Baie geluk aan die volgende kollegas wat elk 'n korporatiewe geskenk gewen het:



Potchefstroomkampus:
Me Laetitia van Aswegen, analis,
RIPP-laboratorium



Mafikengkampus:
Me Nosipho Dladlu,
dosent, Departement
Rekenaarwetenskappe



Potchefstroomkampus:
Mnr Riaan Cremer, toesighouer,
Beskermingsdienste



Vaaldriehoekkampus:
Me Deliwe Msibi, intern,
Departement Bemaking en
Kommunikasie

Baie dankie aan almal wat deelgeneem het. As jy hierdie keer nie so gelukkig was nie, is daar nou wéér 'n kans om aan ons opwindende kompetisie deel te neem.

NWU brei **tolking** uit

Die NWU se Mafikengkampus het onlangs ses nuwe tolke verwelkom en daar is ook met gebaretaaltolking op die Potchefstroomkampus begin.

Die nuwe tolke op die Mafikengkampus gaan in twee wiskunde-modules van die grondslagfase-onderwys in Setswana tolk.

Me Gomolemo Gabanakgosi, me Mmaserole Molefe, me Mmakhuduga Mosenogi, me Nomasonto Ratshikana, me Tshagofatso Thabeng en me Nozizwe Ximba doen reeds die afgelope paar weke groepstolking by die Mafikengkampus.

“Wat die aanstelling van dié ses tolke besonders maak is dat hulle almal studente is wat op die kampus gewerf, gekeur en opgelei is,” sê mnr Johan Blaauw, bestuurder van die Taaldirektoraat by die Institusionele Kantoor.

Die NWU het verlede jaar ook met gebaretaaltolking begin. 'n Dowe student, mnr Qobo Ningiza,



▲ 'n Dowe student, mnr Qobo Ningiza (links), kry sy klasse in BA Regte in Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Saam met hom is mnr Pusuletso Kopa, SA-gebaretaaltolk.

kry vanjaar reeds vir die tweede jaar sy klasse in BA Regte in Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Dit is die eerste keer dat die hulp van 'n gebaretaaltolk vir 'n student by die NWU beskikbaar gestel word.

Qobo, 'n tweedejaargestudent, het oorspronklik by die Mafikengkampus ingeskryf vir 'n regs-kursus. Dié kampus kon hom egter nie akkommodeer nie en het hom na die Potchefstroomkampus verwys, waar befondsing vir 'n gebaretaaltolk op

kort kennisgewing met bemiddeling van die Taaldirektoraat en prof Rikus Fick, studentedekaan, van prof Herman van Schalkwyk, kampusrektor, verkry is.

Mnr Pusuletso Kopa is tans die enigste SA-gebaretaaltolk in diens by die NWU. Johan sê me Ananda van der Walt, voorheen in diens van die Taaldirektoraat, sal weer in die tweede helfte van 2014 as gebaretaaltolk by die NWU aansluit.

Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!



1. Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.
2. Wie is die nuwe viserektor vir onderrig-leer en kwaliteitsversekering op die Mafikengkampus?
3. Wie moet laat weet word wanneer 'n persoon met gestremdhede by die NWU aangestel word?
4. Watter twee navorsers van die Potchefstroomkampus het deelgeneem aan navorsing oor die impak van verstedeliking op biodiversiteit?
5. Watter soort stelsel ontwikkel dr Charl van Heerden van Meertalige Spraaktegnologieë (MuST) op die Vaaldriehoekkampus?
6. Noem een van die toekennings wat die NWU by die Nasionale Persklub se prysuitdelingsfunksie op 29 Mei 2014 geborg het.

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys loslaan!



Talle blouapies het hulle die afgelope tyd op die Potchefstroomkampus en by die Institusionele Kantoor tuisgemaak. Menslike aktiwiteite maak dit vir hulle maklik om kos te kry en so dring hulle stedelike omgewings binne. Hul hervestiging word ondersoek.



Dit begin alles hier™



24 jaar gelede het Nelson Mandela die eerste tree na **vryheid** gegee.

20 jaar gelede het die eerste dag van **vryheid vir al ons mense aangebreek.**

10 jaar gelede het ons reis begin as twee verskillende **universiteite wat saamgesnoer** is om aan die behoeftes van ons land te voldoen.

In hierdie twee verweefde reise het ons altyd geweet dat vordering slegs moontlik is deur **verandering**, en dat **verandering by ons moet begin**. Sedertdien is ons deel van die sukses van die **veranderende en groeiende Suid-Afrika.**

Ons sal voortgaan om die **transformasie** wat die NWU en die land in die gesig staar, **aan te gryp.**

Die waarheid is in die feite – in wat ons personeel, ons studente en ons alumni bereik het en waartoe ons navorsing 'n bydrae lewer.

“Dit begin alles hier” – met ons as individue en as instansie.